Voorbereiding van kinders vir Nagmaal -
Handleiding vir ouers en peetouers

Noordoostelike Evangelies Lutherse Kerk in Suid Afrika
Teks: Horst Müller
Tekeninge: Gisela Tscheuschner

Jesus nooi uit - Mag ek ook?

Aan die ouers, peetouers of begeleiers van die kind

1. **Hoekom Nagmaal met kinders?**

Anders as wat dikwels gemeen word, is die doop, en nie die aanneming nie, die voorvereiste vir deelname aan die Nagmaal. Vir meer as eenduisendtweehonderd jaar was dit die gebruik in die kerk dat almal wat gedoop is aan die Nagmaal kon deelneem, kinders inkluis. Met verloop van tyd het die Romeinse kerk egter die leer van Transsubstansie ontwikkel. (Transsubstansie: Tydens die wydingswoorde by die Nagmaal verander die substansie van brood en wyn: Die brood word fisies die liggaam en die wyn fisies die bloed van Christus.) Uit vrees dat jong kinders per ongeluk die brood kan laat val, en sodoende die liggaam van Christus "verwerp", is daar in 1215 besluit dat kinders sewe jaar oud moet wees voordat hulle aan die Nagmaal mag deelneem. Kort daarna is die ouderdomsperk opgeskuif na twaalf tot veertien.

Alhoewel Luther die leer van Transsubstansie verwerp het, het die Reformasie nie weggedoen met die ouderdomsbeperking nie. Gedurende daardie tyd het daar drie uiteenlopende leerstellings oor die Nagmaal ontstaan. (die Lutherse leerstelling: Christus is tydens Nagmaal teenwoordig; die Gereformeerde leerstelling: Nagmaal is slegs ´n simboliese handeling - Christus is aan die regterhand van God in die hemel; en die Katolieke leerstelling.) Voordat iemand aan die Nagmaal kon deelneem moes eers seker gemaak word dat die persoon die regte leerstelling aanvaar. Kinders wat nog nie aan hierdie twiste blootgestel was nie, was daardeur outomaties uitgesluit.

Toe die ouderdomsbeperking in 1215 ingestel is, was die Kerk lankal reeds verdeel in die Westerse Romeinse en Oosterse Ortodokse Kerke. Die Oosterse Kerke het nooit opgehou om die Nagmaal aan alle gedooptes, kinders inkluis, te bedien nie. Onlangs het meer en meer Westerse Kerke weer begin om kinders by die Nagmaal in te sluit. Die enigste voorwaarde is die dat ´n persoon gedoop moet wees. Onder hierdie kerke is daar ook heelwat Lutherse Kerke.

Agter hierdie beweging staan die feit dat die kerke opnuut besef het dat die doop toegangsvereiste vir die Nagmaal is.

Ons doop kinders met dien verstaande dat die ouers hulle in die Christelike geloof sal onderrig en grootmaak. Ons verwag nie dat die kinders eers verstaan en glo voordat hulle gedoop word nie. Ons doop hulle op grond van God se woord en belofte en leer hulle dan, soos wat hulle ouer word, wat die doop beteken.

By die Nagmaal het ons nou dieselfde benadering: Deurdat die kinders van kleins af mag deelneem, kan ons, soos wat die vrae ontstaan, die Nagmaal aan hulle verduidelik, sodat hulle daar kan "in groei".

Is die aanneming dan nog nodig?

Katkisasie is nog steeds baie belangrik. Toelating tot die Nagmaal was altyd maar net een aspek van die aanneming. Die ander aspek, naamlik om die jong mens te onderrig in die leer van die kerk en aspekte van die geloof, word deur hierdie nuwe

reëling nie geraak nie. Katkisasie bly belangrik, sodat die jong mens kan leer om op sy/haar eie voete te staan, en as ´n mondige Christen belydenis van geloof af te lê. Tydens aanneming bevestig die katkisant dat hy of sy wel as Christen wil lewe en Jesus as Here wil dien, soos wat die ouers dit by die doop al belowe het.

2. ELKSA (N-T) (nou NELCSA) se Sinode in Oktober 1999 besluit dat kinders aan die Nagmaal mag deelneem. Die gemeentes moet daarop voorberei word, en dan besluit hoe om dit deur te voer. (Verwys ook die dokument van die Teologiese Studie kommissie[1])
   Die doel van hierdie boekie is om met die voorbereiding te help - sowel as vir die volwassenes wat die kinders Nagmaal toe neem, as vir die kinders self.

3. Kinders is baie ontvanklik vir simboliese handelinge. Hulle is veel meer bewus van die onsigbare, onbegryplike dinge in die lewe. Dit is dus geen wonder nie dat Jesus gesê het: “Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos ´n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.” (Markus 10:15)
   Die hoop is dat as gevolg van die hertoelating van kinders tot die Nagmaal dit vir hierdie kinders nog baie meer sal beteken as vir ons. Hulle het immers die geleentheid om met die Nagmaal groot te word!

4. **Praktiese wenke**
   In die begin sal daar gemeentes wees wat hierdie tema nog glad nie bespreek het nie, terwyl ander alreeds kinders toelaat. Om verwarring te voorkom, maak die kerkbestuur die volgende voorstel:

   Wanneer ouers wil hê dat hulle klein kindertjies die Nagmaal moet ontvang, deel hulle tydens Nagmaal hulle brood met die kindjie, met die woorde: Die liggaam van Christus, vir jou gegee. Wanneer die kelk kom, laat hulle die kind drink met die woorde: Die bloed van Christus, vir jou gestort.
   Wanneer die ouers nie die brood en kelk met die kind deel nie, aanvaar die pastor dat die kind nie deelneem nie, en sal dan, soos gebruiklik, ´n seën oor die kind uitspreek.
   Ouer kinders wat aan die Nagmaal deelneem word gevra om hulle hande oop te hou en so aan te dui dat hulle deelneem, sowel by die brood as by die kelk. As hulle dit nie doen nie, sal die Pastor veronderstel dat hulle nie die Nagmaal ontvang nie, en ook ´n seën oor die kind uitspreek.

---

[1] *Uit die dokument:* "...Die belofte van God, wat ons deur Gods woord in die doop en heilige Nagmaal ontvang, wil aanvaar en in die daad omgesit word, in elke aspek van ons lewens. Ook kinders kan dit doen, as hulle kan onderskei tussen ´n gewone ete en die tekens van brood en wyn in die sakrament, wat ´n geskenk is van Christus se teenwoordigheid. Daar is dus geen *teologiese* rede hoekom gedoopte kinders van die Nagmaal uitgesluit moet word nie, al word die *algemene* toelating tot die Nagmaal volgens ons Kerkverordening met die aanneming verbind.

5. **Oor hierdie boekie**

Die doel van hierdie boekie is om die Nagmaal te verduidelik op ´n manier wat vir kleiner kinders verstaanbaar is. Dit is by verre nie ´n poging om alles oor Nagmaal te sê nie. Elke Christen bly vir die res van sy of haar lewe aan´t leer!

Verhale van die Bybel word gebruik om sommige aspekte van die Nagmaal te verduidelik. Die kind wat op die meeste prente verskyn, nooi die ander kinders uit om saam te kom en te luister na wat vertel word. Die teks onder die prentjies is so geskryf dat jong laerskoolkinders dit self kan lees. Wanneer ´n volwassene die boekie voorlees, word u aangemoedig om meer as net die teks te lees - vertel die stories breedvoeriger!

1. **Die Pasgalam - en Christus, die Lam van God (Johannes 1,36)**

   Die meeste kinders ken die storie van die uittog uit Egipte. Daarmee begin ons. God wil sy volk uit die slawerny bevry. Omdat sy volk orals tussen die Egiptenare woon, moet ´n manier gevind word om hulle uit te ken, sodat die Engel van die dood hulle nie ook besoek nie.

   Daarom kry die volk die opdrag dat elke gesin ´n lammetjie (die pasgalam) moet slag en voorberei om te eet. Die bloed van die lam moet dan aan die deurkosyne geverf word. Dit sal die teken wees dat die volk van God in daardie huis woon. Die bloed van die lam beskerm hulle teen die dood! (Eksodus 12).

   In Johannes 6 sê Jesus: "[54] Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan. [55] My liggaam is die ware voedsel en my bloed is die ware drank. [56] Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom." Die bloed van Christus is dus ons beskerming.

   Deur die doop behoort ek aan Christus en is deel van sy volk. By die Nagmaal word dit duidelik dat ek onder die beskerming van die bloed van die Lam, die bloed van Christus staan. Die duiwel het geen mag oor my nie.

   Daar is nog ´n rede waarom juis hierdie verhaal hier inpas. Die Joodse tradisie is dat die jongste kind in die gesin aan die begin van die Pasga die vader vra: Pa, waaroor gaan dit alles? Die vader begin dan om die storie te vertel. So word seker gemaak dat almal - van die jongste tot die oudste, deel van die feesvieringe is.

2. **Die Sondebok en Christus, wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1,29)**

   In Levitikus 16,21 word vertel van die jaarlikse fees van versoening. Die hele volk vergader by die tempel. Dan word ´n bokram na die hoëpriester toe geneem. Terwyl die mense hulle sondes bely plaas hy sy hande op die bok se kop. Sodoende word die sondes van die volk op die bok geplaas. Dié word dan die woestyn in gelei, en dra die sondes van die volk saam. In die woestyn sterf die bok, en die sondes saam met hom.

   In Johannes 1,29 roep Johannes die doper: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."

   By die Nagmaal hoor ons: "Dit is my liggaam, vir julle gegee, my bloed, vir julle gestort tot vergifnis van sondes". By die Nagmaal word my skuld op Jesus gelaai. Hy het vir my gesterf, en ek word vrygespreek.

3. **Christus vier die Nagmaal met sy dissipels (Markus 14,12-25)**
   Jesus stel die Nagmaal die aand voor sy kruisiging in. Dit was tydens die pasgamaal, en Hy noem dit die NUWE VERBOND. Sy dissipels verstaan glad nie wat aangaan nie. Eers later sal hulle dit begin verstaan.
   Jesus vergader al sy dissipels om Hom: Judas, die verraaier, die trotse Petrus - al twaalf is daar. En almal kry die Nagmaal van Jesus. Deur die Nagmaal wil Jesus sy dissipels krag gee, sodat hulle die krisis wat voorlê kan oorleef. Deur die Nagmaal snoer Hy hulle saam, sodat hulle na daardie verskriklike dag weer bymekaar uitkom. Ja, Jesus gee Homself aan sy dissipels, en telkens wanneer hulle die Nagmaal vier sal hulle weer daaraan herinner word.
   Die Nagmaal versterk die Christene en bind hulle saam: sterkes en swakkes. Jesus vier die Nagmaal met almal in die gemeente!

4. **Die Kinderevangelie: Laat die kindertjies na My toe kom!**
   (Markus 10,13ff)
   Ons is gewoond daaraan om hierdie teks by ´n doop te hoor. Dit maak sin, om dit ook hier te lees. Want ook die Nagmaal moet ontvang word soos wat ´n kindjie ontvang: ´n Kind is ontvanklik vir die onverstaanbare van dit wat gebeur, en neem dit uit Jesus se hand. By die Nagmaal ervaar ons dat Jesus lief is vir ons en omgee vir ons. Hopelik sal ons as volwassenes altyd weer by die kindertjies leer hoe om te ontvang.

5. **Die gemeente vier met Christus - jy mag ook kom!**
   Nagmaal is die fees van die verlostes met hulle Verlosser. Ons vier dat Christus vir ons gesterf het, sodat ons kan lewe. Ons vier die Nagmaal omdat ons dit nodig het. Ons groei daardeur. Daarom word ons aangemoedig om die Nagmaal dikwels te vier.

Baie dankie aan almal wat behulpsaam was by die opstel van die boekie: Vir die wat raad gegee het, of voorstelle gemaak het, en die wat gehelp het met die proeflees. Mag die boekie nog vir baie tot seën wees!

Horst Müller, Pietermaritzburg Maart 2001

Twede uitgawe April 2020 Pretoria

God verlos sy volk

Lank gelede het die volk van God in Egipte gebly.
Hulle was die slawe van die Egiptenare
en moes baie hard werk.
Hulle is met swepe geslaan
en met harde woorde aangejaag.
Die kos was min en sleg, en niemand
het hulle betaal vir die harde werk nie.

Hulle het gehuil en tot God geroep:
Here, asseblief, help ons!

God stuur toe Moses na Farao toe.
“Laat God se volk trek!”, sê Moses.
Maar Farao wou nie. Sy hart was hard soos klip.

God stuur toe baie plae na die land.
Na elke plaag het Moses gesê:
“Laat God se volk trek!”
Maar Farao het hard gebly.

Toe kom die laaste, ergste plaag:
Oor die hele land sal die oudste kind
van mens en dier sterf.

Maar God wou sy volk teen hierdie plaag
beskerm. Hy wou hulle mos vrymaak!

God se volk kry toe die opdrag:
Elke gesin moet ´n lam slag
en ´n maaltyd daarmee voorberei.
Die bloed van die lam moet
teen die deurkosyn geverf word.

Dit sal die teken wees:
In hierdie huis bly God se volk!
In hierdie huis sal die mense almal veilig wees!

Baie jare later het Jesus Christus, God se seun,
na die mense toe gekom.

Toe Johannes die Doper Hom sien, het hy uitgeroep:

“Dáár is die Lam van God
wat die sonde van die wêreld wegneem!”

Hy het geweet:
Jesus Christus sal ons beskerm.
Hy sal sterf, sodat ons kan lewe!

Is jy gedoop?

Wanneer is jy gedoop?_____

Waar is jy gedoop?_____

Wie is jou peetouers? _____

_____

By jou doop het Jesus gesê dat jy aan Hom behoort.
Jy is deel van God se volk!
By die Nagmaal vier jy saam met almal
wat gedoop is dat Jesus vir ons gesterf het,
en dat Hy ons beskerm.

Die skuld word weggedra

In die ou Israel is daar elke jaar ´n groot fees gevier.
Almal was bly oor hierdie “Fees van versoening”.
Die mense het dan by die tempel bymekaar gekom.
´n Bokram is na die priester toe gebring.
Hy het sy hande op die dier se kop gesit.
Terwyl hy dit doen, het die mense gebid en vir God
gesê wat hulle verkeerd gedoen het.
So is al hierdie verkeerde dinge op die dier gelaai.
Hulle het hom die sondebok genoem.
Daarna is die dier vêr die woestyn in gelei,
en het so al die skuld van die mense weggedra.

Onthou jy nog, wat Johannes die Doper geroep het,
toe hy vir Jesus sien?

“Dáár is die Lam van God
wat die sonde van die wêreld wegneem.”

Al ons skuld word op Jesus gelaai.
Hy is ons sondebok

By die Nagmaal mag ons al ons skuld by Hom aflaai.

Ek weet: Al my skuld is vergewe.
Jesus neem dit weg”

Jesus vier Nagmaal

Toe Jesus vir sy dissipels die Nagmaal gee,
het hulle nog niks verstaan nie. Hulle het nie
geweet dat Jesus vir hulle sou sterf nie.
Eers ná Paasfees het hulle begin verstaan.

Nou het hulle elke dag Nagmaal gevier. Hulle kon Jesus nou nie meer sien nie, maar Hy was mos in die Nagmaal by hulle! Daaroor was hulle baie bly!

Wanneer ons Nagmaal vier, mag ons weet:
Jesus vier saam met ons.
Met die brood en die wyn is Hy by ons!

Laat die kinders kom!

Op ´n dag wou ma´s hulle kindertjies
na Jesus toe bring.
Die dissipels het net mooi niks daarvan gehou nie.
“Gaan weg, die kinders pla Jesus!
Hy het geen tyd vir hulle nie!
Hulle verstaan mos nie wat Hy sê nie!
Hulle mors ons tyd!” So het hulle geraas.
Toe Jesus dit hoor, het Hy met sy dissipels geraas.
“Moenie die kindertjes wegstuur nie!
Laat hulle na My toe kom! Hulle verstaan My
baie beter as julle! Hulle glo wat Ek sê!”
By die Nagmaal sê Jesus vir jou: Kom na My toe! Ek het tyd vir jou! Ek is lief vir jou!

Jy is ook uitgenooi!

Jy behoort aan Jesus Christus.
Hy is lief vir jou.
Jy mag ook Nagmaal toe gaan.
Jy mag hoor en proe dat jy God se kind is.
Jy is ook lid van Jesus se familie!

Wil jy graag Nagmaal toe kom?
Sê dit dan vir Ma of Pa.

Mag ek ook?



Ja, jy mag!
Jy behoort aan Jesus Christus,
en aan sy volk!
Hy nooi jou uit!